**Notule** van die **8ste Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die *Rustdene Gemeenskapsaal,*
*De Vriesstraat, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 27 Oktober 2015**

om **09:10**

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph, J Bostander, G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray, AM Slabbert, R van der Linde en DE Welgemoed

**AFWESIG:**

Raadslid AD Willemse *[verskoning]*

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder,], Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink) en Komitee Beampte

Raadslid G de Vos open die vergadering met gebed.

Vervolgens deel die Speaker die vergadering mee dat die vergadering op kort kennisgewing na 09:00 toe verskuif is as gevolg van onvoorsiene omstandighede en spreek sy dank uit vir die feit dat 'n kworum teenwoordig is.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

| Raadsheer/Raadslid | Verlof Datum |
|---|---|
| Raadslid GT Murray | 13 & 16 November 2015 |
| Raadslid G de Vos | 4 & 5 November 2015 |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word met die voorbehoud dat Raadslid DE Welgemoed se verskoning vir afwesigheid by die 10de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad gehou op 07 Oktober 2015 aangebring word:-

3.1 7de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 29 September 2015**

3.2 10de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Woensdag, 07 Oktober 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Dames en here ek het reg aan die begin van hierdie Raad se termyn gevra dat die brood en botter “issues” op die Raad se agendas geplaas word sodat ons aangeleenthede wat direk uit die gemeenskap en van die armstes van die armes raak, kan aanspreek. Ek vra weer dat ons hierdie aangeleentheid op die agenda plaas. Voorts meld die Speaker dat hierdie Raad nou ongeveer vier (4) maande, oor het en vra weer dat die brood en botter aangeleenthede op die volgende Raadsagenda geplaas word en indien dit nie gebeur nie, dan sal die Speaker die vergadering uitstel totdat aangeleenthede byvoorbeeld, mense wat sukkel met krag, mense wat werk soek, mense wat huise soek op die agenda geplaas is. Daar is nou ’n reël, dat mense 40 jaar oud moet wees voor hy / sy ’n huis kan kry en stel die Speaker dit duidelik dat hy nie daarmee saamstem nie, of dit nou die Provinsiale –of Nasionale Regering is wat die beleid / wet voorgestel het maak nie saak nie. Nie teenstaande die feit dat mense nie hulle huise betrek en onderverhuur, bly behuising nog altyd landswyd ’n probleem vir almal.

Verdermeer deel die Speaker die Raad mee dat hy nou te doen het met ’n geval van ’n vrou met drie (3) kinders, plus haar ma en pa se vier (4) kinders en hulle moet in Desember 2015 die woning wat hulle tans bewoon ontruim . Die vrou is 39 jaar oud en kan nie ’n woning kry nie.

Die Speaker meld dat daar persone is wat die Munisipaliteit R50.00 skuld dan kan hy nie sy reëling tref nie. Voorts meld die Speaker dat hierdie Raad besluit het dat as mense krag gesteel het, die eerste keer moet 30% van die kragaankope verhaal word op die agterstallige skuld en indien persoon vir die tweede keer krag steel dan is dit 50/50 en as dit die derde keer gebeur dan word die persoon versoek om die rekening ten volle te vereffen.

Die Speaker meld dat hy sê, as die persoon vir die derde keer krag gesteel het hy beboet is met R1,000.00 moet ons vir hulle sê om net 'n regverdige reëling te tref en kom ons plaas nie die mense terug na die tyd voor 1994 nie, byvoorbeeld daar mense is wat by die riviere se walle bly waar slange in die huis kan seil en die kindertjies op die slange trap.

Laastens meld die Speaker dat daar bouvallige huise is wat deur byvoorbeeld 'n bejaarde van oor die tagtig (80) jaar of sewentig jaar (70) bewoon word, en bly alleen en maak deure met kaste en versoek ek dat ons die huise leefbaar moet maak.

Dankie

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Speaker vir die geleentheid en meld dat hy saam met die Speaker stem dat daar regtigwaar baie afgebrande huise is, asook baie huise wat se krag geblok is en die mense moet R1,700.00 betaal om dit oop te kry. Voorts meld die Uitvoerende Burgmeester dat daar gekyk moet word in hoe 'n mate hierdie persone / armstes van die armes te kan help.

Verdermeer meld die Uitvoerende Burgemeester dat hy kan nou al voorspel wat 'n ernstige probleem vorentoe kan raak as 'n mens kyk na die optogte van studente rakende die gedeelte oor die "outsourcing" van onderhoudswerk by Universiteite waar hierdie mense aangestel word maar nooit permanent aangestel word nie. Die Uitvoerende Burgemeester deel die vergadering verder mee dat Beaufort-Wes Munisipaliteit tans werkers het vir vier (4) of vyf (5) jaar tydelik is en het nie die voordeel van 'n pensioenfonds nie en sal hierdie Raad die aangeleentheid so gou moontlik moet oplos andersins kan hierdie Raad ook revolusies / demonstrasies soortgelyk aan die van die studente verwag.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Munisipale Bestuurder om 'n vergadering te reël vir Maandag, 02 November 2015 om die afhandeling van alle agterstallige aanstellings te bespreek asook die sleutelaanstellings wat daar ooreengekom is, sodat mense duidelikheid kan kry oor hulle posisie. Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat dit nie reg is dat mense ses (6) tot sewe (7) jaar in 'n pos is en hy is nie aangestel nie, wat beteken hy / sy verloor baie ten opsigte van pensioenfonds. Die Uitvoerende Burgemeester deel die Raad ook mee dat daar 'n groeiende ongelukkigheid onder werkers is en vra dat die werkgewer pro-aktief sal optree en die uitstaande aanstellings afhandel en indien moontlik, as die Wet dit toelaat sekere mense wat in poste is, te plaas.

Baie dankie

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 PRESENTATION OF MEC OF FINANCE: DR. I.H. MEYER

9/1 *[Item 8.7]*

Afgehandel na item 8.6.

### 6.2 PRESENTATION: CANSELLATION OF ARREARS: DECEASE OWNERS

14/11/3/2/28/5 *[Item 8.8]*

Afgehandel na item 8.6.

### 6.3 PRESENTATION: GYM: HEALTH AND NUTRITION: YOUTH HUB

14/17/1 *[Item 8.9]*

Afgehandel na item 8.9.

### 6.4 PRESENTATION: APPLICATION TO SERVE AS CONSULTANT ON THE MIG PROJECTS FOR THE BEAUFORT WEST MUNICIPALITY

5/1/1; 10/3/3/5/6 *[Item 8.10]*

Afgehandel na item 8.10.

### 6.5 S8 PROJEK KOMITEE: VERSOEK OM RAAD TE SPREEK

14/11/3/2/28/5 *[Item 8.11]*

Afgehandel na item 8.11.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: SEPTEMBER 2015

5/1/2/1; 8/1/1/2/3

**BESLUIT**

dkd

Dat die Maandelikse State met betrekking tot die Artikel 71, Maandelikse state vir September 2015 soos uiteengesit in **Bylae 16 tot 39** van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**7.2 REPORT ON THE IMPLEMENTATION OF THE BUDGET AND FINANCIAL STATE OF AFFAIRS OF THE MUNICIPALITY – SECTION 52 (D) AND SECTION 54 OF THE MFMA: 1st QUARTER OF 2015/2016 FINANCIAL YEAR**
5/1/2/1

dkd Councillor G de Vos seconded by Councillor J Bostander proposed that the Report on the Implementation of the Budget and Financial State of Affairs of the Municipality, Section 52(D) and Section 54 of the MFMA for the 1st Quarter of 2015/2016 Financial Year be approved and accepted.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.1 LANGDIENSTOEKENNING**
4/6/1/6

**BESLUIT**

bpd

Dat ŉ datum vasgestel word waartydens ŉ formele funksie gehou kan word om langdienstoekennings asook akademiese sertifikate ontvang deur werknemers te oorhandig.

**8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES**
SP

Afgehandel onder item 8.1.

**8.3 MINIMUM COMPETENCY LEVEL FOR MUNICIPAL OFFICIALS EFFECTIVE FROM OCTOBER 2015**
1/1/B

**RESOLVED**

bpd

That a comprehensive report be tabled to Council of all employees who have received study bursaries from the Municipality.

**NOTED**

**8.4 PUBLIC PARTICIPATION POLICY: BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
1/1/1

**RESOLVED**

kk

That the draft Public Participation Policy for Beaufort West Municipality be **referred** to the next Council meeting.

**8.5 DRAFT: WARD COMMITTEE POLICY**
3/2/3/B

**RESOLVED**

kk

That the draft Ward Committee Policy for Beaufort West Municipality be **referred** to the next Council meeting.

**8.6 LANDELIKE BELASTING: AGRI SENTRAAL KAROO**
5/4/1/3

**KENNIS GENEEM**

Na bespreking van item 8.6 vra Raadslid R van der Linde toestemming by die Speaker om die vergadering te verlaat as gevolg van sy siektetoestand waarop die Speaker die versoek toestaan.

Na bespreking van item 8.6 meld die Speaker dat die Minister, Dr IH Meyer die Minister van Finansies vir die Wes-Kaapse Regering nou die Raad sal toespreek soos uiteengesit by item 6.1 van die agenda en versoek Raadslid M Furmen om die Minister by die vergadering te verwelkom.

Vervolgens verwelkom Raadslid M Furmen die Minister en gee dan oor aan die Minister om sy voorlegging te maak.

**8.7 PRESENTATION: MEC OF FINANCE: DR. I.H. MEYER**
9/1 *[Item 6.1]*

The Minister give a word of thanks to Council for allowing him to make a presentation to Council today. Furthermore the Minister inform Council that the purpose of his visit is to share the Western Cape 2015/2016 Budget with specific reference to the municipal area of Beaufort West and mentioned that the Budget was tabled in the Provincial Parliament on the 5th March 2015 and he has decided that the budget must be brought to the local people.

Furthermore the Minister informed Council that the second purpose for his visit is to prepare for the Adjustment Budget which he will table in Provincial Parliament in November 2015 and mentioned that he think it is important to listen to the people here in Beaufort West so that they will be able to take an appropriate adjustment budget in November 2015 to Provincial Parliament.

The Minister also inform council that they are also busy to prepare for the 2016/2017 MTREF, so this visit here is also to plan for the next three (3) years in terms of expenditure and revenue, given the economic crisis.

The Minister then continue to present the Power Point Presentation attached as **Annexure B** to this minutes.

Na die voorlegging verlaat Minister IH Meyer en sy gevolg die lokaal synde 11:15 en versoek die Speaker die Uitvoerende Burgemeester om die items wat hy het, in te dra, aangesien die Uitvoerende Burgemeester 'n doktersafspraak het.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat daar 'n paar aspekte is wat hy wil hê moet positief aandag aangegee word, as daardie punte bereik word. Daar is die kwessie van **EPWP werkers** wat vir vyf (5) dae gewerk het en nou eweskielik net drie (3) dae werk, ons vra dat die Administrasie moet toesien dat die situasie tot normaliteit gebring word met ander woorde hierdie mense moet weer vir vyf (5) dae werk.

Tweedens versoek die Uitvoerende Burgemeester dat **Deon Koopman** ook na die volgende vergadering genooi word om 'n voorlegging te kom maak met betrekking tot die aangeleentheid wat op hierdie agenda is wat van hom ontvang is.

Derdens meld die Uitvoerende Burgemeester dat hy uit sy gesprekke met die verteenwoordiger van **SA Tolling** die Raad versoek om die aangeleentheid net 'n bietjie terug te hou en die persoon wat die EIA vir SA Tolling moet afhandel na die Raad nooi om die Raad in te lig met betrekking tot die probleme wat ondervind word met die afhandeling van die EIA.

Die Uitvoerende Burgmeester meld dat die party in detail gepraat het oor die volgende **bedankings van S. Moses en S. Siqhaza** as gevolg van redes wat hulle aangevoer het. Voorts meld die Uitvoerende Burgmeester dat 'n mens moet versigtig wees as daar net skriftelike bedankings is en 'n mens moet dit nie net sito-sito aanvaar nie. Die Uitvoerende Burgemeester meld verder dat daar met die werkers gepraat was en gesê is dat die aangeleentheid verwys is na vandag se vergadering toe nadat die Raad iets op skrif ontvang het om te hanteer, waarvan die aangeleentheid van mnr. **S. Moses** op die Agenda is wat vra dat sy bedanking teruggetrek word en die ander een is ontvang van mnr. **S. Siqhaza**.

Verdermeer meld die Uitvoerende Burgemeester dat mnr. S. Moses se terugtrekking van sy bedanking aanvaar word met die voorwaarde dat mnr. Moses in sy substantiewe posisie geplaas word met dieselfde salaris en diensvoorwaardes soos op datum van bedanking.

Laastens meld die Uitvoerende Burgemeester dat mnr. Siqhaza op dieselfde voorwaarde as mnr. Moses in sy substantiewe posisie geplaas word.

Raadsheer T Prince verlaat die lokaal synde 11:26.

## 8.8 PRESENTATION: CANCELLATION OF ARREARS: DECEASED OWNERS

14/11/3/2/28/5 *[Item 6.2]*

dkd Mr. Mitchell Andreas made a presentation to Council regarding the cancellation of arrears of deceased owners and the problems that are normally linked to identify someone who can take ownership, especially in cases where there are more than one (1) child of the deceased.

After a lengthy discussion it was –

**RESOLVED**

dkd

8.8.1 That Crawfords Attorneys determine on how they can assist Indigent households to reduce the cost of transport of houses.

8.8.2 That Council embark on a public participation process to inform residents / households on how to handle the municipal accounts and the transport of the property after the home owner has passed on.

8.8.3 That representatives of Crawfords Attorneys must accompany the Council during the public participation awareness / information sessions.

## 8.9 PRESENTATION: GYM: HEALTH AND NUTRITION: YOUTH HUB

14/17/1 *[Item 6.3]*

aa Mr K Pandle and Mr L Banda made a presentation to Council regarding their request to obtain a space at the Gym at the Youth Hub in Kwa-Mandlenkosi to serve the people with health related services.

After discussion it was –

**RESOLVED**

That the administration should further investigate on how the Mandlenkosi Health Nutrition Club can be accommodated at the Gym at the Youth Hub.

**8.10 PRESENTATION: APPLICATION TO SERVE AS CONSULTANT ON THE MIG PROJECTS FOR THE BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
5/1/1; 10/3/3/5/6 *[Item 6.4]*

**RESOLVED**

kk

That the matter be **referred** to the next Council meeting for discussion and consideration.

**8.11 S8 PROJEK KOMITEE: VERSOEK OM RAAD TE SPREEK**
14/11/3/2/28/5 *[Item 6.5]*

‘n Komiteelid / verteenwoordiger van die Komitee van die S8 Projek in Prince Valley spreek die Raad toe oor die probleme wat hulle ondervind wat te make het met die veiligheid van die mense wat by die S8 Projek akkommodeer word. Voorts meld die verteenwoordiger dat hulle vrese spruit uit vorige gebeure waar mense huise gekry het en was daar by hulle huise ingebreek.

Verdermeer versoek die Komitee dat daar ’n muur gebou word in die agterkant van die eerste huise wat in Desember 2015 afgegee word of sekuriteit te verskaf omdat dit baie onveilig gaan wees.

Die Voorsitter van die S8 Komitee meld dat huise al afgegee is aan begunstigdes maar dan is alles nog nie voltooi aan die woning nie.

Na bespreking van bogemelde aangeleentheid word derhalwe –

**BESLUIT**

aa

Dat die Komitee met die Wyksraadslid in verbinding tree rakende die huidige probleme wat tans ondervind word by die S8 Projek en die Raadslid daarna aan die Raad moet rapporteer.

## 8.12 AANSOEK OM DONASIE/BORGSKAP: TESKE GEDENK PRIMER

5/13/1 *[Item 8.7]*

**BESLUIT**

aa

Dat die aansoek om donansie/borgskap ontvang van Teske Gedenk Primêre Skool na die Uitvoerende Burgemeester verwys word vir oorweging uit die Burgemeesters Diskresionêre Fondse asook die aansoek ontvang van Gateway Worship Centre aangeheg as **Bylae C** tot hierdie notule.

## 8.13 LETTER OF APPRECIATION: DONATION/SPONSOR: MAYORAL DAY: LAINGSBURG MUNICIPALITY

5/13/1 *[Item 8.8]*

**NOTED**

## 8.14 VERHURING VAN KAMERS BY DIE NURSES HOME TE NELSPOORT AAN HUIDIGE OKKUPEERDERS

7/1/4 *[Item 8.9]*

aa

Raadslid AM Slabbert gesekondeer deur Raadslid DE Welgemoed stel voor dat huurkontrakte met die huidige okkupeerders soos uiteengesit op **Bylae 071** by die Verpleegsters Tehuis, Nelspoort gesluit word vir 'n periode van vyf (5) jaar teen 'n huurbedrag van R250.00 BTW ingesluit per maand. Voorts dat 'n bedrag van R150.00 by die huurkontrak as 'n maandelikse heffing vir die elektrisiteits- en waterverbruik ingesluit word tot en met die tyd dat die Munisipaliteit elke huurder van 'n aparte elektrisiteits- en watermeter sal voorsien.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 8.15 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT QUARTERLY IMPLEMENTATION REPORT: 01 JULY – 30 SEPTEMBER 2015

8/1/1/2/3 *[Item 8.10]*

**RESOLVED**

dkd

That the Supply Chain Management Quarterly Implementation Report from 01 July – 30 September 2015 be approved and accepted.

**8.16 AANSOEK OM AFWYKING VAN SONERINGSKEMA: PLAAS KO KA TSARA: GEDEELTE 4 VAN PLAAS 186**
12/3/2; 12/4/1 *[Item 8.11]*

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word ingevolge Regulasie 4.7.3 van die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes vir 'n vergunningsgebruik vir 'n vrystaande basis telekommunikasiestasie op Gedeelte 4 van Plaas 186 onderworpe aan die volgende voorwaardes:-

1. Dat geen boulyne oorskry mag word nie.

2. Dat formele bouplanne ingedien moet word en geen bouwerk mag plaasvind alvorens sodanige bouplanne goedgekeur is nie.

**8.17 AANSOEK OM AFWYKING TEN EINDE HUISWINKEL TE BEDRYF: ERF 707: HERMANSTRAAT 24: DIE DUIFIES**
12/3/2 *[Item 8.12]*

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word vir die toestaan van 'n afwyking ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(i)(a)(ii) van Ordonnansie 15 van 1985 ten opsigte van erf 707 synde Hermanstraat 24 ten einde `'n huiswinkel vanaf die perseel te bedryf en onderhewig aan die volgende voorwaardes:-

1. Dat daar slegs handel gedryf mag word met nie-bederfbare produkte. Nywerhede word uitgesluit van hierdie vergunning.

2. Indien daar vanuit die woning handel gedryf word, slegs een vertrek deur sodanige besigheid in beslag geneem word en sodanige vertrek geensins vir woondoeleindes gebruik mag word nie.

**8.18 AANSOEK OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA: AANSOEK VIR ŉ LEENGROEF NO. MR00582/0.7/0.15R OP GEDEELTE 1 VAN PLAAS 278, WAAYKRAAL, MERWEVILLE: VOORSIENING VAN MATERIAAL VIR HERGRUIS EN ONDERHOUD VAN PAD MR00582 IN BEAUFORT-WES MUNISIPALE AREA, SENTRAAL KAROO DISTRIK**

12/3/3 *[Item 8.13]*

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir ŉ afwyking vir ŉ leengroef (MR00582/0.7/0.15R) op gedeelte 1 van plaas 278, Waaykraal, Merweville vir die voorsiening van materiaal vir die hergruis en onderhoud van pad MR00582 in Beaufort-Wes Munisipale Area, Sentraal Karoo Distrik onderworpe aan die volgende voorwaardes:

1. Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.
2. Dat die grond gedeeltes op gereelde basis natgemaak moet word om stof in die area te vermy.
3. Dat na die ontginningsproses van die leengroef die grond so verwerk moet word dat die groef dien as ŉ wateropvangspunt.

**8.19 INWERKINGTREDING VAN DIE WES-KAAPSE WET OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2014 ten opsigte van BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**

12/4/4/B *[Item 8.14]*

**KENNIS GENEEM**

**8.20 PRIORITISERING VAN STRATE WAT DEUR MIG GEDOEN KAN WORD**

13/3/1 *[Item 8.15]*

**BESLUIT**

dkd

Dat die aangeleentheid met betrekking tot die prioritisering van strate wat deur MIG gedoen kan word na ŉ vergadering waarvan die datum deur die Speaker bepaal moet word, verwys word.

**8.21 REPORT ON MEETING HELD WITH DIFFERENT DEPARTMENTS IN RESPECT OF INFRASTRUCTURE PROJECTS AND SOLAR WATER GEYSERS**

13/2/5/3 *[Item 8.16]*

**NOTED**

**8.22 SUPPORT OF HUMAN SETTELMENT PROJECT PIPELINE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**

14/11/3/1 *[Item 8.17]*

**RESOLVED**

kk

That the matter regarding the Support of Human Settlement Project Pipeline for Beaufort West Municipality be **referred** to the next Council meeting.

**8.23 AANSOEK OM OORDRAG VAN WONING: ERF 2768: M. MAKINZA**

14/11/3/2/25 *[Item 8.18]*

**BESLUIT**

aa

8.23.1 Dat erf 2767 terug getransporteer word aan die Munisipaliteit op koste van die Munisipaliteit.

8.23.2 Dat erf 2768 in die naam van Linda Makinza transporteer word as deel van die 430 Konsolidasie huise-projek.

8.23.3 Dat erf 2767 as deel van die tradisionele leë erwe gelys word en die koopprys op R6,300.00 vasgestel word.

8.23.4 Dat erf 2767 deur middel van die R7,500.00 Afslagskema aan mnr. M. Makinza verkoop mag word en by die Konsolidasie 55/96 Behuisingsprojek gevoeg word.

**8.24 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**

3/4/1 *[Item 8.19]*

**KENNIS GENEEM**

**8.25 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

3/4/1 *[Item 8.20]*

**KENNIS GENEEM**

**8.26 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE FINANSIËLE EN ONTWIKKELINGSDIENSTE KOMITEE GEHOU OP 02 SEPTEMBER 2015**

*[Item 8.21]*

ba

Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat items 8.21 tot 8.23 goedgekeur en aanvaar word.

Raadslid GT Murray gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat items 8.21 tot 8.23 goedgekeur en aanvaar word met die uitsondering van item 7 van die Notule van die Finansiële en Ontwikkelingskomitee.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarvan die uitslag soos volg is:-

**3 Stemme** vir die voorstel van Raadslid AM Slabbert gesekondeer deur Raadslid GT Murray
**6 Stemme** vir die voorstel van Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid G de Vos

Raadslid EAJ Beyers bly buite stemming.

**8.27 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE EN SOSIALE ONTWIKKELINGSKOMITEE GEHOU OP 09 SEPTEMBER 2015**

*[Item 8.22]*

ba

Afgehandel onder **item 8.26**.

**8.28 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE DIENSTE EN INFRASTRUKTUUR GEHOU OP 09 SEPTEMBER 2015**

*[Item 8.23]*

ba

Afgehandel onder **item 8.26**.

**8.29 NOMINASIE VAN AFGEVAARDIGDES: ALGEMENE JAARVERGADERING 2016: CRF VIR PLAASLIKE REGERING: 26 FEBRUARIE 2016: BELLVILLE**

4/6/4/1 *[Item 8.24]*

dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat Raadslede M Furmen, GP Adolph en L Deyce nomineer word as afgevaardigdes om die Algemene Jaarvergadering: CRF vir Plaaslike Regering vir 2016 wat sal plaasvind op 26 Februarie 2016 te Bellville by te woon.

Voorts dat gemelde Raadslede van een voertuig gebruik moet maak ten einde reiskostes te bespaar.

Raadslid AM Slabbert gesekondeer deur Raadslid GT Murray stel voor dat Raadslid EAJ Beyers deel vorm van die afgevaardigdes vir die bywoning na die Algemene Jaarvergadering: CRF vir Plaaslike Regering wat gaan plaasvind op 26 Februarie 2016 te Bellville.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarvan die uitslag soos volg is:-

**4 Stemme** vir die voorstel van Raadslid AM Slabbert gesekondeer deur Raadslid GT Murray.
**6 Stemme** vir die voorstel van Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

## 8.30 TENDERS: CORP 13/2008 EN DID 01/2008: SA TOLLING: MR. J. KUMKARAN

7/3/4/1/3/1 *[Item 8.25]*

**BESLUIT**

ba

Dat die aangeleentheid met betrekking tot tenders: CORP 13/2008 en DID 01/2008: SA Tolling **<u>oorstaan</u>** tot die eersvolgende Raadsvergadering. Voorts dat die verteenwoordiger van SA Tolling versoek word om 'n voorlegging aan die Raad te maak met betrekking tot die vordering wat gemaak is met die omgewingsimpakstudie.

## 8.31 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT QUARTERLY IMPLEMENTATION REPORT: 01 JULY – 30 SEPTEMBER 2015

8/1/1/2/3 *[Item 8.26]*

Reeds afgehandel per item 8.15 in hierdie notule.

## 8.32 BEDANKING/ONTTREKKING VAN BEDANKING: S MOSES

SP *[Item 8.27]*

bpd

Sien Afsonderlike Notuleboek.

## 9. Oorweging Van Kennisgewings Van Mosies

### 9.1 MOSIE: BESKIKBAARSTELLING VAN REIS- EN VERBLYFINLIGTING: DIREKTEUR: FINANSIES

3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die aangeleentheid na die eersvolgende Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes **verwys** word.

### 9.2 MOSIE: BESKIKBAARSTELLING VAN INLIGTING MET BETREKKING TOT SELFOON TERUGBETALING

3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die aangeleentheid na die eersvolgende Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes **verwys** word.

### 9.3 MOSIE: BETALING VAN PROKUREURSREKENING VAN DIE ANC UIT RAADSFONDSE

3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die aangeleentheid na die eersvolgende Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes **verwys** word.

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Die vergadering sluit om **12:50.**

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

_________________________________
**SM Motsoane**
**SPEAKER**

# AFSONDERLIKE NOTULEBOEK

**Notule** van die **9ste Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die *Rustdene Gemeenskapsaal,*
*De Vriesstraat, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 27 Oktober 2015**

om **09:10**

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph, J Bostander, G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray, AM Slabbert, R van der Linde en DE Welgemoed

**AFWESIG:**

Raadslid AD Willemse *[verskoning]*

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder,], Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink) en Komitee Beampte

**8.32 BEDANKING/ONTTREKKING VAN BEDANKING: S MOSES**
SP *[Item 8.27]*

**BESLUIT**

bpd / dkd

8.32.1 Dat die versoek vir die terugtrekking van die bedanking deur mnr. S Moses aanvaar word, op voorwaarde dat mnr. Moses op 1 November 2015 na sy substantiewe pos as Ing 122 – Nutsman: Paaie en Stormwater terugkeer op dieselfde diensvoorwaardes en salaris soos op datum van bedanking, en die pligte soos omskryf in die posbeskrywing van die pos, moet uitvoer.

8.32.2 Dat die versoek, aangeheg as **Bylae A** tot hierdie notule, vir die terugtrekking van die bedanking deur mnr. SA Siqaza toegestaan/aanvaar word, op voorwaarde dat mnr. Siqaza op 1 November 2015 na sy substantiewe pos Ing 150 – Masjienhanteerder terugkeer op dieselfde diensvoorwaardes en salaris soos op datum van bedanking, en die pligte soos omskryf in die posbeskrywing van die pos, moet uitvoer.

8.32.3 Dat indien enige van bogenoemde in een of ander hoedanigheid waargeneem het ten tye van hul bedanking, sodanige waarneming verval en slegs verantwoordelik en werksaam sal wees in hul substantiewe pos.

Die vergadering sluit om **12:50.**

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

_________________________________
**SM Motsoane**
**SPEAKER**